**Middelaar van ‘n beter verbond**

**Heb 8:6-13**

**21 Augustus 2022**

1. Vantevore: Jesus is borg van beter verbond (Heb 7:22), Bedienaar van die ware verbondstent (Heb 8:2)
2. Die noodsaak aan ‘n nuwe verbond (Heb 8:6-8)
    a. Jesus is Middelaar van ‘n beter verbond (v6) – Middelaar wat ooreenkoms/verbond tussen God en die mense sal laat realiseer
    b. Nuwe verbond is op beter beloftes gegrond (v6)
    c. Ou verbond het tekortkominge gehad (v7-8)
        i. Besit van God se wet het nie gelei tot gehoorsaamheid aan hierdie wet nie
        ii. Levitiese priesterorde kon nie vergifnis bewerk nie
        iii. God moes die volk straf
        iv. Beperk tot Israel (v8b)
3. Hoe die nuwe verbond nie is nie (Heb 8:9)
    a. Sal nie wees soos die Sinaiverbond nie (vgl Eks 24:4-8) – die Sinaiverbond word dus verander
    b. Genadeverbonde met Adam, Noag, Abraham en Dawid bly onveranderd in nuwe verbond
4. Beginsels van die nuwe verbond (Heb 8:10-12)
    a. Herhaalde “Ek sal....” stellings dui op God se inisiatief en dat Hy verantwoordelikheid neem
    b. 4 Beloftes / beginsels in nuwe verbond:
        i. God sal Sy wette in die verstande en op harte van mense skryf (v10)
            - In Sinaiverbond was wette ekstern – kliptafels/verbondsboek
            - Nou sal God dit in verstande (rede) en op harte (gevoel/emosie) skryf
            - Word deur Heilige Gees gewerk (Joh 3:1-8)
            - Gevolglik is daar vreugde in God se wet (Rom 5:5-6, 7:22, Ef 6:6)
        ii. God sal hulle God wees en hulle sal Sy volk wees (v10)
            - Kom herhaaldelik in Bybel voor, ook in ander verbonde (Gen 17:7, Eks 6:6, Op 21:3, Eks 20:1)
            - Nuwe verbond werk na dieselfde resultaat as ander verbonde
        iii. Almal sal God ken (v11)
            - Fisiese afstamming is nie meer maatstaf nie, werklike kennis van God wel
            - Beteken nie volleerdheid nie, wel lewende verhouding met God (2 Tim 2:2, 1 Tim 3:2)
        iv. God sal hulle sondes vergewe (v12)
            - Oneffektiewe Levitiese offers word vervang met ware Hoëpriester se effektiewe offer
5. Ou verbond kom tot ‘n einde (Heb 8:13)
    a. Ou verbond is uitgedien – was tydelike skadu as leerinstrument
    b. Oorgang het reeds plaasgevind (1 Kor 11:25)
6. Implikasie: Verdiep en verlustig jou in die werk van die Middelaar van die beter verbond!